

Skriflesing: Openbaring 6: 9 -17

Teks: **Openbaring 6: 10, 17b**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 93:1,4**

TYDENS EREDIENS- Ps. 68:2,4; Ps. 99:1,3; Ps. 24:1,5; Ps. 91:1,8

Openbaring 6: 9 -17

Rev 6:9 Toe die Lam die vyfde seël oopmaak, het ek onder die altaar die siele gesien van die mense wat doodgemaak is omdat hulle aan die woord van God en aan die getuigenis van Jesus vasgehou het.

Rev 6:10 Hulle het hard geroep: "Hoe lank nog, heilige en getroue Heerser? Wanneer voltrek U die oordeel en wreek U ons dood op die bewoners van die aarde?"

Rev 6:11 Aan elkeen van hulle is daar lang wit klere gegee, en daar is vir hulle gesê om nog 'n klein rukkie te wag, totdat hulle medediens, hulle medegelowiges, wat net soos hulle ook doodgemaak gaan word, almal daar is.

Rev 6:12 Ek het gesien toe die Lam die sesde seël oopmaak: daar het 'n groot aardbewing gekom. Die son het swart geword soos rouklere, en die maan het heeltemal soos bloed geword.

Rev 6:13 Die sterre aan die hemel het op die aarde geval soos die navye van 'n vyeboom afval as dit deur 'n sterk wind geruk word.

Rev 6:14 Die hemel self het verdwyn soos 'n boekrol wat opgerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke geskud.

Rev 6:15 Die konings van die aarde, die hoofamptenare en die opperbevelhebbers, die rykes en die magtiges, ja, al die mense, slawe en vryes, het in die grotte en onder die kranse van die berge weggekuip.

Rev 6:16 Hulle het vir die berge en die kranse gesê: "Val op ons en bedek ons vir die oë van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam.

Rev 6:17 Die groot dag waarop Hulle die oordeel sal voltrek, het aangebreek, en **wie sal staande kan bly?!"**

Skriflesing: Openbaring 6: 9 -17

Teks: **Openbaring 6: 10, 17b**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 93:1,4**

TYDENS EREDIENS- Ps. 68:2,4; Ps. 99:1,3; Ps. 24:1,5; Ps. 91:1,8

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede jaar het ons reeds vir 11 Sondae by die boek

Openbaring stilgestaan. Vandag staan in nou aansluiting waar ons verlede jaar die reeks onderbreek het. Ons het in die begin van Openbaring 6 die oopbreek van die eerste vier seëls gesien. Die seëls het elke keer gehandel om dinge wat in die wêreld aan die gebeur is. Eintlik moet ons dit baie sterker stel, dit gaan om dinge wat in die wêreld gaan uitbreek en swaar dinge wat oor hierdie wêreld gaan losbreek. Dit is baie gepas om aan die begin van 2022 myself weer te vergewis van wat is aan die gebeur in die wêreld wat ons hier aan die begin van hierdie jaar ingaan. Die eerste vier seëls was dit elke keer aan die hand van die beeld van 'n perd wat oor die aarde voortgalop. 'n Wit perd, 'n rooi perd, 'n swart perd, 'n vaal perd.

Die wit perd wil ons glo simboliseer die uitdra van die evangelie van Jesus Christus wat reeds die grootste van oorwinnings in hierdie wêreld bevestig. Hy het die sonde oorwin, Hy het Satan oorwin, Hy het die dood oorwin. Die boodskap wat die wit perd my laat glo is dat ek kan reeds 2022 as oorwinnaar ingaan. Ons hoef rondom die oorwinning van Jesus Christus en dit wat Hy vir ons gedoen het en steeds doen, te twyfel nie. As die wit perd die oorwinnende boodskap van

die uitdra van God se Woord bevestig, is dit so belangrik dat ek sal seker maak of ek wel deel van die oorwinning is.

Of is ek deur die ander perde wat ook aan die hardloop is oor hierdie wêreld so oorweldig dat ek eintlik nie meer regtig by die wit perd in my lewe uitkom nie. Is die Gereformeerde Kerk Postmasburg werklik met die wit perd aan die hardloop, want hardloop sal ons maar weer moet hardloop. Dat die lewe 'n gejaag is en dat ek sal moet saamhardloop kan niemand ontken nie. Wie kan die moorde en geweld, ook in besonder die geweld teen vroue en kinders in ons land, wat die ergste is wat dit nog ooit was, ontken?! Ja, die rooi perd, die vuurrooie wat God gestuur het om die vrede op hierdie aarde weg te neem, teken moord en geweld en oorloë en bloedvergieting in al sy skakerings.

Kan ons die ekonomiese nood en hongersnood en dit wat met die ekonomieë in die wêreld gebeur, miskyk. Hoe geld eenvoudig in waarde net afneem! Kyk na die swart perd as jy iets daarvan wil probeer verstaan. Dis ook 'n werklikheid wat ons nie van kan wegkom nie.

Dan is die vaal perd net so 'n realiteit. Die vaal perd of die geelgroen perd soos dit meer letterlik vertaal kan word teken siektes en die baie ander ellendes wat daarmee gepaard gaan. Ja, eintlik teken die vaal perd die werklikheid van die liggaamlike dood. Die virusse wat in die wêreld hulle tol geëis het, ook Covid 19, is 'n hangende vraag, in watter mate gaan die vaal perd tog dalk bietjie van sy spoed in 2022 intrek.

Uit onself kan ons niks van die dinge oorwin of wegpraat nie, niemand kan voorgee asof geweld en ekonomiese swaarkry en verskriklike siektes, kanker, selfs die dood nie geweldig op ons lewens impakteer nie. Te midde van dit alles is ek werklik nog bereid om die wit perd die vertrekpunt van my lewe te maak. Die perd wat as oorwinnaar uitgaan en sy doel is om te oorwin. Die gelowiges van alle tye, van alle plekke ja of ek nou 1000 jaar terug gelewe het en of ek vandag in die jaar 2022 lewe; ons staan voor dieselfde realiteite wat die oopbreek van die vyfde en sesde seël in Openbaring ons vandag laat besef.

Johannes beskryf die oopbreek van die vyfde seël baie noukeurig. *9 Toe die Lam die vyfde seël oopmaak, het ek onder die altaar die siele gesien van die mense wat doodgemaak is omdat hulle aan die woord van God en aan die getuienis van Jesus vasgehou het. 10 Hulle het hard geroep: "Hoe lank nog, heilige en getroue Heerser? Wanneer voltrek U die oordeel en wreek U ons dood op die bewoners van die aarde?"*

Hier gebeur met die oopmaak van die seël 'n baie ingrypende ding. Dis asof Johannes wat moes kyk na dinge wat op die aarde aan die gebeur is net vir 'n oomblik weer sy aandag aan die hemelse ook moet gee. Die hemele is op 'n besondere wyse afgeteken in die simbool van 'n altaar wat daar in die hemele is. Aan die voete van die altaar is baie baie mense betrokke. Dis die siele van die mense wat oor die eeue hulle lewe ter wille van die evangelie verloor het. Mense wat 'n marteldood moes sterwe omdat hulle aan Jesus Christus bly vashou het. In die 2020 vertaling lees ons dit is die siele van dié wat doodgemaak is vanweë die woord van God en die getuienis wat hulle gelewer het. Ons besef om werklik God se Woord uit te dra, om aan die Woord van God op aarde vas te hou en hierdie Woord uit te leef kan jou aardse lewe kos. Om waarlik kerk te wees sal altyd gevaarlik wees en as ek nie hierdie gevaar in my lewe al teëgekomp het nie, vra dan maar vrae oor jouself en die kerklike uitlewe van jou en my ware getuienis wat God van ons in hierdie lewe bly verwag.

Die siele by die altaar het 'n lewensbelangrike vraag- Hulle vra HOE LANK NOG? Hulle praat met die Here maar hulle noem die Here op 'n besondere Naam. As hulle na die Here roep dan noem hulle Hom die *heilige en getroue Heerser*. Hy is die alleenheerser. Hy alleen moet dinge bepaal en beslissend optree. En dan is hulle eintlike gebed dit wat ons hier op aarde op ons voete moet ruk. Hulle vra dat die Here sy oordele nog vinniger en meer indringend moet voltrek. In die 2020 Vertaling lees ons hulle gebed soos volg- *Tot wanneer, heilige en ware Here, gaan U uitstel om u oordeel te voltrek, en ons bloed op die aardbewoners te wreek?* As die hemele dit van die Here vra, ja die siele vra biddend om God wat moet wraak neem, dan mag dit nie gaan om jou en my persoonlike wraak wat ons wil neem oor ander mense wat ons in hierdie lewe seergemaak het nie. Nee hierdie siele bid om die eindoordeel. Dat die oordeelsdag vinnig mag kom dat God se vyande hulle verdiende straf mag ontvang.

Ten diepste vra hierdie siele daar by die hemelse altaar dat die Here haastig moet wees om sy eindoordeel te voltrek, dat hulle liggame ook weer opgewek kan word en met hulle siele herenig kan word. Dit gaan vir hierdie mense in Christus geheilig dat hulle weer hulle liggame mag terugontvang sodat hulle met liggaam en siel, ja heeltemal onbelemmerd, heeltemal volmaak vir God ewig kan loof en prys. Hulle gebed gaan in werklikheid daarvoor dat God nog meer en meer verheerlik moet kan word. Die mense is in afwagting dat die koninkryk van God in al sy krag en heerliker dan in die hemele maar dan net sowel ook op aarde net nog meer en meer sigbaar sal word. Hulle sê vir die Here dat hulle siele eintlik eers sal kan rus as die koninkryk in sy volheid gekom het. Ons besef vandag in hierdie eerste dae van hierdie jaar as dit die versugting van die hemelse is, die siele by die altaar dat daar 'n groot wending moet plaasvind, hoeveel te meer moet ons op die aarde dieselfde gebed bid dat God 'n groot wending, 'n groot verandering in sy ware Kerk sal teweegbring.

Dan leer ons God in sy antwoord aan hierdie siele net nog weer beter ken. Vir God gaan dit om genade en die genade wat Hy sy kinders wil skenk maar ons moet geduldig wees. As ons die Here se antwoord in vers 11 mooi na kyk dan sê die Here - dat hulle nog 'n klein rukkies moet wag *totdat hulle mededienaars, hulle medegelowiges, wat net soos hulle ook doodgemaak gaan word, almal daar is.* Wat 'n antwoord mag ons dalk wonder. Die antwoord word wel in vers 11 voorafgegaan dat daar aan hulle lang wit klere gegee was. Die hemelse klerekas word vir hulle oopgesluit. Hierdie wit klere sluit aan by die wit perd in die begin van die hoofstuk. Die wit *stola* soos die 2020 vertaling na hierdie wit klere verwys gryp nog vêrder terug waar ons die belofte van die Here ook aan die brief aan die gemeente in Sardis lees dat wie oorwin sal wit klere kry om aan te trek (vgl. Op 3:5). 'n Stola is die bokleed wat bo-oor die onderkleed aangetrek was. So 'n kleed was net by besondere geleenthede gedra wat tot op die voete gehang het. So het dit gedien as simbool van hoë status en waardigheid. Hier in Openbaring dien die wit klere as bevestiging dat hulle alreeds voor God rein is. Die hemelse heerlikheid word in hierdie wit klere afgeteken. Hierdie wit bekleding moes aan die siele ook 'n troos en berusting gee in die jare wat daar nog gewag sal moet word vir God se finale oordeel.

Die martelare by die altaar mag weet hulle het nie hulle lewens verniet vir die evangelie opgeoffer nie. Ons moet ook mekaar die vraag bly afvra of ek ook bereid sal wees om my lewe

op te offer vir wat die evangelie van God vir my werd is. Om kind van die Here te wees vra opoffering, dit vereis inspanning, ja dit kan my lewe kos.

Ons besef dat die Here nie 'n geheim daarvan maak dat daar nog baie mense sal wees wat ter wille van hulle geloof gaan sterwe. Die Here sê aan die siele dat hulle moet wag totdat hulle mededienaars, medegelowiges, ja die belang van kerk-wees en dat ons gemeenskap van heiliges is word hier so mooi onderstreep. Dat hulle ook eers doodgemaak moet word totdat almal daar is, dan eers sal die eindoordeel losbreek. In 'n harde antwoord sit daar soveel genade. So leer ons God in sy genade ken, baie keer in van die hardste antwoorde wat die Here ons gee is daar dikwels soveel genade in hierdie harde antwoorde opgesluit. God se Woord was in alle geval nog nooit 'n soetsappige affêre gewees nie. Dit werk altyd met die hardheid van die lewe wat jou en my in die harde lewens waarin ons is, nie wil uitsluit nie.

Daar gebeur harde dinge en dan gebeur sekerlik ook die hardste van dinge met die oopbreek van die sesde seël. Hierin word God se finale oordeel dan ook afgeteken. Ons lees die breek van die sesde seël in die 2020 Vertaling- daar gebeur klomp dinge ... *12 Ek het gesien toe Hy die sesde seël oopbreek. En daar het 'n groot aardbewing plaasgevind. Die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geheel en al soos bloed geword. 13 Ook die sterre het uit die hemelruim op die aarde geval, soos wanneer 'n vyeboom sy groen navye afgooi as dit deur 'n stormwind geruk word. 14 Die hemel het verdwyn, soos 'n boekrol wat opgerol word, en elke berg en eiland is uit sy staanplek verskuif.*

Die sesde seël toon aan ons dat God het die gebede van sy martelare verhoor. Daar gebeur geweldige dinge! Eers sien ons wat gebeur met die skepping in die breë. Ses voorwerpe in die skepping word so geskud dat hulle nooit weer kon wees wat hulle was nie. Die aarde begin geweldig te skud, 'n groter aardbewing as hierdie een kan ons ons nie indink nie. Die son word swart soos 'n harige sak en die maan word soos bloed. Die sterre begin op die aarde te val, die hemelruim raak weg, dit word soos 'n boekrol opgerol. Die berge en die eilande word uit hulle plekke geskud. Die oordeelsdag staan in nou verband met die getal ses, terwyl ons weet die getal ses is in Openbaring die simbool van die sondige wêreld en van Satan en sy helpers.

Dan word ses dinge in die skepping totaal ontwig en daarna volg daar ses groepe van mense wat met hierdie oordeelsdag ook sal besef nou is dit te laat. Ons lees van die konings van die aarde, ons hoor van die hoofamptenare, die opperbevelvoerders, die rykes, die magtiges, maar ook die slawe en die vry mense. Maak nie saak waar in die samelewing ek my mag bevind nie, wat my status of titels ook al mag wees nie, ons lees hoe elkeen wil probeer wegkruip, in die grotte en onder die kranse. Hulle roep selfs na die kranse en vra val op ons en verberg ons! Die ongelowiges sal hierdie dag nie vrykom nie. 'n Dag wat hulle geglo het nooit sal aanbreek nie, ja let wel dit is nie dat hulle net gedink het die dag sal nie kom nie, hulle geloof was dat die dag nie sal gebeur nie. Openbaring 6 sluit dan af – dat die hoogste Regter het finaal geoordeel. Die vraag wat die hoofstuk afsluit is – *Wie kan bestaan?*

Ons sal DV volgende keer moet uitmaak wie hulle is wat deel uitmaak van die 144 000. Dis alleen hulle wat sal kan bestaan. Daarom as jy vandag God se roepstem en God se waarskuwing kon hoor, verhard julle nie, maar mag jou kerklike ingesteldheid 'n aanduiding wees van hoe ek op God ingestel is. Besef die kranse, grotte en berge sal jou dan nie kan help nie! Kom na Hom wat jou genadig wil wees, leef kerklik mee want God wil sy kinders naby Hom hê, al moet hulle dan ook sterwe ter wille van hulle geloof. Daarin is ook genade opgesluit!

AMEN